DIE LAASTE DINGE 4

Die volgende tradisionele & eenvoudig 4 LAASTE BESTEMMINGS (voor jy gaan slaap miskien) kan van groot nut wees om jouself te herinner dat jy geroep is om met God te wees en te bestaan: dink gerus gereeld daaroor na want almal gaan sterf: lewe om te leef!

DOOD

Tensy die wederkoms in jou leeftyd plaasvind, gaan jy sterf. Dood is die skeiding van die siel en liggaam. Jou siel leef vir ewig voort en by die opstanding sal dit met jou liggaam verenig word. Indien jou siel voortleef, waar gaan dit heen? Dink na oor die oordeel wat vir almal wag.

OORDEEL

God weet alles omtrent jou: goed, sleg of aaklig. Hy is die enigste en regverdige Regter. Sy oordeel is regverdig en opreg. Lewe jy volgens die padkaart wat Jesus ons nagelaat het om sodoende die eindbestemming wat Hy vir ons gewen het, te beërwe?

HEMEL

Die hemel is natuurlik waar jy wil opeindig, indien dit nie alreeds duidelik is nie. Die hemel is ‘n plek van ewige, liefdevolle eenheid met God, die bron van alles wat goed is en die vervulling van die mens se hart. Sterf in ‘n genadestaat deur Christus in sy Kerk: Geen ander pad bring jou na tot daar.

HEL

‘Dit is die naam wat die teenoorgestelde bestemming van ewige, liefdevolle eenheid met God, verwoord. En ons kies hopelik nie doel-bewus om van God geskei te wees nie. Ewigdurende skeiding van God en straf vir ons sonde en keuses. Onbelyde doodsonde is wat na die hel lei.

© Die Oratorium Uitgewery